

HOOFSTUK II

ENKELE VERSKILLE TUSSEN RASSE

Aangaande die indeling van rasse volgens sekere kenmerke en moontlike rasseverskille bestaan daar n uitgebreide literatuur; trouens, die hele wetenskap van die antropologie is daarmee gemoeid. Die bestudering van die literatuur het aangetoon dat die verskille die opmerklikste is ten opsigte van liggaamsbou en -vorm, psigometriese prestasies, gedragsverskille en bloedgroepe. Voordat hierdie verskillende aspekte egter behandel kan word, word kortliks by die indeling van die mensdom in rasse stilgestaan.

A. Rasindeling

Die mens word saam met die Taungmensaap, gorilla, sjimpansee, ape en bobbejane onder die hooforde Primates geklassifiseer. Elkeen hiervan ressorteer egter weer onder n bepaalde suborde, familie, genus en spesie. Saam met die gorilla, Taungmensaap en sjimpansee word die mens ingedeel onder die suborde Antropoïdeae. Onder hierdie suborde staan die families Hominidae waarvan die mens n voorbeeld is, en die Simiïdae waarvan die sjimpansee, gorilla en Taungmensaap verteenwoordigers is. Onder die Hominidae kom weer voor die genus Homo en daaronder die spesie van die moderne mens. Slegs die laasgenoemde word in hierdie ondersoek bespreek.

Ooreenkomstig sekere, duidelik waarneembare eienskappe kan ons die mens in verskillende groepe of rasse indeel. Die driedelige indeling in Kaukasiërs, Mongole en Negroïde is eenvoudig en aanvaarbaar, alhoewel Garn (62) daarop wys dat daar tot soveel as 64 indelings in rasse gemaak kan word. So n indeling is egter lomp en ook nie vir die doel van hierdie ondersoek toepaslik nie. Die driedelige indeling sal egter hier gebruik word, hoewel dit dikwels moeilik is om sekere volke onder n bepaalde ras te klassifiseer.


Volgens antropologiese gegewens en die algemeen aanvaarde teorie skyn dit of die Primates almal een gemeenskaplike voorouer gehad het. Deur natuurlike seleksie en onder die invloed van ander faktore het uit hierdie gemeenskaplike voorouer die verskillende subordes ontwikkel. Al die families onder die suborde het dus ook weer een gemeenskaplike voorouer gehad. Deur differensiasie en seleksie het uit n familie die verskillende Genus(se) ontwikkel. Uit elke genus het verskillende spesies ontstaan.

Die mens en die aap het dus dieselfde gemeenskaplike voorouer gehad, maar deur differensiasie het elkeen op sy eie wyse ontwikkel; die aap was nie die voorouer van die mens nie! Volgens Linton (101) het die natuur met die verskillende lewensvorme geëksperimenteer totdat die ideale spesie, die mens, gevind is. Die mens is dus die produk van die natuur se proefnemings.

Hierdie beskouing kan die deur die Christelike gelowige aanvaar word nie, aangesien daardeur die skepping van die mens deur God self, misken word.

Kroeber (97:48) gee die onderstaande tentatiewe stamboom (p.16) betreffende die ontstaan van verskillende rasse aan. Volgens hom het die differensiasie in rasse op n stadium tussen die bestaan van die Neanderthal-mens en die Cro-Magnon-mens plaasgevind, dit wil sê tussen die ou steentydperk, ongeveer 50,000 jaar gelede en die grotperiode van die ou steentydperk ongeveer 25,000 jaar gelede.

Elkeen van die drie rasse bestaan uit n hele aantal groepe. Linton (101:41-45) heg n ander verklaring aan die woord „race” as wat algemeen aanvaar word. Hy gebruik die volgende terme om die indelings te verklaar: „Stock”, dit is die drie reeds genoemde hoofgroepe wat ons met ras sal vertaal: „race” waarvan daar 14 is en wat ons sal vertaal as groep, en „breeds” wat as volke of stamme vertaal kan word.



Tentatiewe stamboom van die menslike ras (Kroeber, p.48)

In hierdie ondersoek word nie beoog om vrae oor die in-deling in rasse en die terme daarvoor te beantwoord nie. Die eintlike doel is trouens om die verskil in liggaamsgeskiktheid tussen Blankes en nie-Blankes te bepaal. Soos uit die stamboom blyk, val die nie-Blankes hoofsaaklik onder die negroïdiese ras en die Blankes onder die Kaukasiese ras.

Die twisvraag in die wetenskap handel oor die betekenis van die verskille tussen rasse, met ander woorde of die een ras, gemeet aan vandag se standaarde, moontlik verder ontwikkel as die ander ras is. Hierdie vraag het ongelukkig n speelbal op die terrein van die wêreldpolitiek geword, en die uitspraak van baie wetenskaplikes word deur hulle politieke oortuigings beïnvloed (127). Die bespreking van hierdie probleem vereis die grootste objektiwiteit. Selfs dan nog loop die navorser wat hierdie probleem ondersoek, gevaar om die skyf van heftige aanvalle te word.

Daar is reeds aangetoon dat alleen die verskille tussen Blankes (Kaukasiers) en nie-Blankes (Negroïde) vir hierdie ondersoek van belang is; derhalwe sal nou oorgegaan word tot die bespreking van die vernaamste verskille tussen die twee rasse.

B. Die liggaamsverskille tussen Blankes en nie-Blankes

Garn (62:34) beweer in verband met die verskille tussen rasse: "Race differences exist throughout the body into the era of metabolic activity and biochemical functioning. Not only are there race differences in the pigmentation of the skin, eyes and hair, and in the morphology of the lips, nose, eyelids, and mouth, but there are also differences in the inner organs, in the muscles, and in the patterning of subcutaneous fat."

Die gegewens betreffende die fisieke verskille tussen Blankes (Kaukasiers) en nie-Blankes (Negroïde) is oor 'n omvangryke terrein versamel en word deur alle antropoloë en volkekundiges aanvaar. Sekere van die liggaamsverskille is opvallend, soos bv. velkleur, haarvorm en haarkleur, gesigsvorm en liggaamsreuk. Daar is egter ander verskille wat diepgaande van aard is en alleen deur sorgvuldige meting van sekere liggaamsdele vasgestel kan word. Hierdie verskille sal vervolgens bespreek word.

1. Die kop of skedel:

Ten einde die verskille in skedelbou en skedelvorm by rasse te bepaal, word van sekere indekse gebruik gemaak. Volgens die indekse kan die skedels geklassifiseer word. Die gemiddelde indeks van 'n groot aantal persone uit 'n bepaalde ras of groep dui dan die neiging van daardie ras aan.

a. Die Cephaliese indeks:

Dit is ook as die breedte-indeks bekend. Dit word verkry deur die breedte van die skedel te deel deur die lengte van die skedel en die antwoord met 100 te vermenigvuldig. Hiervolgens word hoofsaaklik drie tipes onderskei:

- (i) lang skedels : indeks onder 75
- (ii) middelmatige skedels : indeks tussen 75 en 80
- (iii) breë of ronde skedels : indeks bokant 80.

Al drie die tipes word by elke ras aangetref; dog een ras sal byvoorbeeld meer na langkoppigheid as n ander een neig. Deur noukeurige meting op n verteenwoordigende groep van n spesifieke ras kan die gemiddelde cephaliese indeks van daardie ras bepaal word. In hierdie verband is daar n klein verskil tussen Blankes en nie-Blankes. Die eersgenoemde groep (53) is gemiddeld mesaticephalies (middelmatige skedels) dog die Blankes van Noord-Europa is ook dolichocephalies (langkoppig).

Die skedels van die nie-Blankes is meestal dolichocephalies. Drennan (53) het die volgende cephaliese indekse by 50 Suid-Afrikaanse Bantoes gevind: gemiddelde cephaliese indeks was 75.2, dit wil sê mesaticephalies. 50% van die Bantoes het egter dolichocephaliese skedels gehad, 44% se skedels was mesaticephalies en 6% se skedels was breed of rond (brachycephalies). Die skedelindeks van die Bantoe toon dus n dolichocephaliese neiging.

Daar bestaan dus n geringe verskil in die cephaliese indeks van Blankes en nie-Blankes. Hierdie verskil is so gering dat dit feitlik onbeduidend genoem kan word. Kroeber (97) gee die gemiddelde cephaliese indeks van die menslike spesie as 79 aan.

b. Die neus:

In die vorm en bou van die neus word een van die mees kenmerkende verskille tussen Blankes en nie-Blankes aangetref. Die verskille kan soos volg saamgevat word:

- (i) Die Blanke het 'n prominente, smal neus teenoor die breë en plat neus van die nie-Blanke.
- (ii) Die onderste grens van die neusholte is by die Blanke baie skerp, terwyl dit by die nie-Blanke meer gerond is. Die laasgenoemde rondheid is 'n Simiïdiese eienskap.
- (iii) Die neusholte van die Blanke is lank en smal teenoor die kort en breë neusholte van die nie-Blanke. Die kort en breë neusholte is ook 'n kenmerk van die sogenaamde „laer” rasse.
- (iv) Die nasale indeks toon 'n opmerklike verskil; by die Blankes is dit onder 48, dit wil sê hy is smalneusig of leptorhienies, terwyl die nie-Blanke platneusig of platyrhienies is met 'n nasale indeks van bokant 53.

c. Die oogkas:

Hier is slegs 'n baie klein verskil tussen Blankes en nie-Blankes. Die opvallendste verskil is dat die oë van die nie-Blanke verder uitmekaar as by die Blanke sit.

d. Prognathisme:

Dit is die mate van gesigs- of onderkaak-projeksie wanneer die skedel van die sykant gesien word. Wanneer die kop van die mens van die sykant gesien word, is dit duidelik dat die gesig klein in verhouding tot die skedel is. Die onderste deel van die gesig staan nie prominent uit nie, terwyl die voorkop feitlik reghoekig met die boonste plat gedeelte van die kop is.

By die aapsoorte is die gesig duidelik groot (selfs groter) in verhouding tot die skedel. Die kakebeen steek duidelik uit, die voorkop is plat of skuins in verhouding tot die boonste deel van die kop.

Die uitsteking van die gesig word prognathisme genoem. Die prognathiese indeks kan ook bereken word. Die indeks van die Blanke is onder 100 - orthognathus of geringe prognathisme. Die prognathiese indeks van die nie-Blanke is oor die 100, dit wil sê prognathous. Geeneen van die aapsoorte het 'n prognathiese indeks kleiner as 100 nie.

e. Skedelkapasiteit:

Die inhoud van die skedelholte kan bereken word en, wat hierdie inhoudsmaat betref, is daar 'n duidelike verskil tussen Blankes en nie-Blankes. Die skedelkapasiteit van die laasgenoemde ras is gemiddeld 1330 cc. (141:117) teenoor die 1447 cc. van die Blankes (141:117). Klineberg (141) wys daarop dat die breingrootte, wat afhanklik van die skedelkapasiteit is, na gelang van temperatuursverskille by die verskillende rasse verskil. Die rasse wat in 'n warm klimaat woon, het 'n kleiner skedelkapasiteit as die rasse in koue streke.

Hofmeyer (141) beweer dat die kleiner skedelvolumen by die nie-Blanke die gevolg van natuurlike seleksie kan wees. Volgens Biesheuvel (141) sal 'n aktiewe lewe in 'n warm streek die vrystelling van 'n groot hoeveelheid hitte meebring. Hierdeur sal die vrugbaarheid van die aktiewe individu verlaag word sodat die aktiewe individue nie so vinnig soos die onaktiewe individue sal voortplant nie. Die onaktiewe lewe het 'n vertraagde metabolisme en gevolglik ook 'n stadiger bloedsirkulasie ten gevolg. As gevolg van die stadige bloedsirkulasie kry die brein nie 'n baie groot voorraad bloed nie, dus ook

nie baie voedingstowwe nie, sodat sy groei daardeur belemmer word. Die onaktiewe persone in 'n bepaalde ras het gevolglik 'n kleiner brein as die aktiewe persone; dog die eersgenoemde groep plant die vinnigste voort en hulle kinders erf van hulle die neiging tot onaktiwiteit en dus ook die kleiner brein. Hierdie kleiner brein word met die verloop van eeue 'n eienskap van die ras.

Die bringgrootte bepaal nie die intelligensie van die persoon nie (141), maar in die uiterste gevalle is daar wel 'n verband tussen bringgrootte en intelligensie. (Die intelligensie is afhanklik van die ontwikkeling van die breinskors.) As die brein kleiner as 800 cc. is, dan kry ons microcephaliese idiote (53). Die minimum bringgrootte wat vir intelligente handeling nodig is, is 900 cc. (Die gorilla het 'n breinkapasiteit van 490 cc.) Die intelligensie is ook afhanklik van die gehalte breinstof. Indien gehalte breinstof van die gemiddelde Blanke en die gemiddelde nie-Blanke dieselfde sou wees, dan kon ons verwag dat die Blanke moontlik die nie-Blanke in intelligensie oortref. Dit pas egter nie om reeds op hierdie stadium van die ondersoek so 'n uitspraak te waag nie. Onder punt C van hierdie hoofstuk sal egter breedvoeriger op die saak van intelligensieverskille tussen Blankes en nie-Blankes ingegaan word.

Volgens 'n ondersoek van Drennan (53) op 27 Suid-Afrikaanse Bantoes het hulle 'n skedelkapasiteit van 1348 cc. gehad. Die kapasiteit van 37% was onder 1350 cc.; 44% se kapasiteit was tussen 1350 en 1450 cc. en 19% se skedelkapasiteit was bokant 1450 cc. Die gemiddelde skedelkapasiteit van die Blanke is ongeveer 1450 cc.; 19% van die nie-Blankes het dieselfde skedelkapasiteit as die gemiddelde blanke - die oorvleueling is 19%. Hierdie belangrike feit moet by die bespreking van punt C in gedagte gehou word.

Die bogenoemde verskille is veral opvallend ten opsigte van die skedels van Blankes en nie-Blankes. Vervolgens sal op die verskille in liggaamsbou en liggaamsvorm gelet word.

2. Die verskil in liggaamsbou tussen Blankes en nie-Blankes:

Wat hierdie aspek van die antropometrie betref, is daar enkele opvallende verskille, soos byvoorbeeld die lengte van die ledemate in verhouding tot liggaamslengte; dog oor die algemeen is die verskille in liggaamsbou nie so opvallend as die verskille in skedelbou nie.

- a. Wat die nek-, rug- en lendewerwels betref, is daar geen waarneembare verskil tussen Blankes en nie-Blankes nie.
- b. Ten opsigte van die sakrum is daar wel 'n geringe verskil tussen rasse van dieselfde geslag. Volgens Drennan (52) is die heupe van die Blanke breër as dié van die Boesman en die Bantoe.
- c. Die pelvis van die mens is plat en breed maar by die ape is dit lank en smal. Hier bestaan daar 'n geringe; dog baie duidelike verskil tussen Blankes en nie-Blankes, naamlik in die pelvis-indeks. Die nie-Blankes is mesatipellic met 'n indeks van 90-95, terwyl die Blankes platypellic is met 'n indeks van onder 90. Van al die menserasse het die Boesmans die langste pelvis met 'n indeks van bokant 95.

Die vrou het 'n breër pelvis as die man van dieselfde ras. Dit mag wees dat die breedte van die pelvis verband met sportprestasies hou. Hoe breër die pelvis, hoe laer sal die swaartepunt van die liggaam lê, soos in die geval van die vrou. Hoe laer die swaartepunt is, hoe meer stabiel sal die liggaam wees. Die Blanke mag dus oor 'n groter stabiliteit as die nie-Blanke beskik en sal nie so vinnig kan wegspring en hardloop nie. 'n Snelheidstoets behoort lig op die saak te werp.

d. Die lengte van die ledemate:

Die arms van die aapsoorte is besonder lank in verhouding tot sy liggaamslengte (167). By die gibbon raak die hand die voet wanneer die dier regop staan; die oerang raak sy enkel, die sjimpansee raak sy knie, terwyl die mens se hand slegs tot by sy dy kan reik. „Here, however, there seems to be a real distinction among the races of man. Negro soldiers standing at drill bring the middle finger-tip an inch or two nearer the knee than the white men can do, and some have been even known to touch the knee-pan.” (167:59)

Die lengteverskil van die ledemate blyk uit die volgende drie indekse:

- (i) Die verhouding tussen die lengte van die arms en die bene vermenigvuldig met 100 gee die intermembrale indeks. By die **Blanke** ras is die indeks 69 teenoor die 68 van die Neger (53).

Dit blyk dat die arm van die nie-Blanke in verhouding tot die beenlengte korter as by die Blanke is; tog reik die arm van die nie-Blanke verder langs die been af as die arm van die Blanke. Dit beteken dat die romp van die Blanke in verhouding tot totale liggaamslengte langer as die romp van die nie-Blanke moet wees. Verskillende antropometriese ondersoeke het hierdie stelling bevestig. (Kyk die volgende hoofstuk.) Garn (62:59) wys daarop dat die nie-Blanke se liggaamsbou by n warm klimaat aanpas, dit wil sê soveel veloppervlakte as moontlik word aan die sonlig blootgestel sodat hitteverlies as gevolg van sweet vinnig kan plaasvind. Die arms en die bene van die nie-Blanke is derhalwe besonder lank, terwyl die Blanke se arms en bene redelik kort vir aanpassing in koue klimaatstoestande is.

(ii) Die verhouding tussen die lengte van die radius en humerus word bepaal en uitgedruk as die Radio-humerale indeks. By die aapsoorte is hierdie indeks groter as 100; dog by die mens is die indeks kleiner ook in dié verband is daar n rasse-verskil merkbaar. Die radio-humerale indeks van die Blanke is 72, die van die nie-Blanke 78 en die gorilla s'n 80.

In verhouding tot die bo-arm is, die onderarm van die nie-Blanke langer as by die Blanke. Dit laat die vraag ontstaan of die kraguitoefening van die arms by die twee rasse dieselfde sal wees, aangesien hulle nie dieselfde hefboomlengte het nie. In die volgende hoofstuk sal aandag aan hierdie aspek geskenk word.

(iii) Die tibia-femorale indeks dui die verhouding tussen onderbeen- en bobeenlengte aan. By die laer diere is hierdie indeks hoër as by die mens, dit wil sê in verhouding tot die bobeen is die onderbeen van die laer diere langer as by die mens. Die menslike rasse verskil ook in hierdie verband. Die indeks van die Blanke is 80 teenoor die 82 van die nie-Blanke.

Net soos by die arms, ontstaan die vraag of die kraguitoefening van die bene nie hierdeur sal verskil nie.

e. Die femur of die bobeen:

Die mate van beenopeenhoping in die linea ospera word pilastering genoem; hoe groter die beenopeenhoping is, hoe meer paddastoelvormig sal die kop van die dybeen vertoon. Deur meting van die beenopeenhoping word die pilasteringsindeks verkry. Die laer diersoorte het n

groter pilasteringsindeks as die mens. By die menslike rasse bestaan daar ook n verskil: vir die nie-Blankes is die indeks 105.8, vir die Blankes 109.2 en vir die Boesmans 121.2.

Die dikte-indeks van die been word bereken deur die antero-posterior deursnit vermenigvuldig met 100 te deel deur die transversale deursnit. Dit is die sogenaamde platymeriese indeks. Die rasse verskil ook in die verband: vir die Blankes is die indeks 88, vir die nie-Blankes 85 en vir die Boesman 80.5. Soos in die volgende hoofstuk aangetoon sal word, is die nie-Blanke, in verhouding tot liggaamslengte, ietwat swaarder as die Blanke. Dit staan in verband met die beendikteverskil by die twee rasse.

f. Die tibia:

Die dikte-indeks van die been staan bekend as die platycnemiese indeks wat op n duidelike rasseverskil dui. Die indeks vir die Blankes is 88.0, 70 vir die nie-Blankes en 65.5 vir die Boesmans.

g. Algemene liggaamsgrootte:

Daar is min groepe mense waarvan die gemiddelde lengte van die mans minder as 5 voet is en daar is slegs enkele groepe waarvan die mans gemiddeld langer as 6 voet is. Die rasse verskil nie veel van mekaar wat liggaamslengte betref nie. Kroeber (97) gebruik die terme groot, gemiddeld en kort om liggaamsgrootte aan te dui. Hiervolgens kry ons drie groepe by die Kaukasiërs, te wete groot, dit is die Nordiese groepe; bo gemiddeld is die Alpiese en Hindu-groep, terwyl die Kaukasiërs in die middellandse seegebied van gemiddelde grootte is.

By die Negroïde kry ons baie duidelik n groot groep; n middelmatige groep soos byvoorbeeld die melanese en

die derde groep is die dwergswartes, soos die pigmieë. By die nie-Blankes is daar n groter variasie in liggaamsbou as by die Blankes. Hierdie ondersoek sal n aanduiding gee van hoe die Blankes en die nie-Blankes in die Suid-Afrikaanse Republiek in liggaamslengte met mekaar vergelyk.

h. Hare en liggaamshare:

By die nie-Blanke word die duidelike peperkorrel- of kroeshare aangetref. Hierdie eienskap word feitlik sonder enige uitsondering by die hele ras gevind. Die Blankes het oor die algemeen krullerige hare; styl hare kom egter ook voor. By die Blankes is daar dus n variasie wat hierdie faktor betref. Die hare van die Blankes is ook dikker as die van die nie-Blanke.

Die hare van die nie-Blanke is altyd donker en feitlik swart, terwyl daar n groot variasie by die Blankes aangetref word; die haarkleur wissel van lig tot byna swart.

Die Blanke besit oor die algemeen ook baie meer hare op sy liggaam as die nie-Blanke. Die liggaamshare is gewoonlik van dieselfde kleur as die hare van die hoof.

Die Blanke besit baie meer baard as die nie-Blanke. By laasgenoemde kom die baard eers teen ongeveer die twee-en-twintigste lewensjaar voor, terwyl die meeste Blanke mans reeds op agtienjarige leeftyd moet skeer.

i. Die velkleur:

Die velkleur word bepaal deur die aanwesigheid van sekere kleurskakeringe in die pigmentasie van die vel (97). Die rasse het eweveel pigmentasie; dog die kleur daarvan verskil. Die blootstelling aan skerp sonlig speel n baie belangrike rol in die verband. Die donker vel dien as beskerming teen hitte en sonlig.

Samevattend kan beweer word dat daar duidelike en diepgaande verskille tussen Blankes en nie-Blankes bestaan wat liggaamsbou en liggaamsvorm betref. In sekere opsigte staan die Blanke nader as die nie-Blanke aan die hoër diersoorte; dog in die meerderheid van die verskille is die teenoorgestelde die geval. Dit sou egter verregaande wees om die Blankes op grond hiervan as n hoër ras as die nie-Blankes te klassifiseer. Die meeste antropoloë is dit eens dat hierdie verskille die gevolg van natuurlike seleksie en aanpassing by die omgewing is. Die rasse is dus beslis nie gelyk nie maar wel gelykwaardig. Die ooreenkoms tussen die rasse is groter as die verskil; dog die verskil word eensins deur die ooreenkomste uitgewis nie, aangesien die verskille op verskeie lewensterreine tot openbaring mag kom.

Met hierdie ondersoek wil die skrywer probeer om vas te stel hoe die Blankes en nie-Blankes ten opsigte van liggaamlike prestasievermoë **net** mekaar vergelyk; dog dit sal nie n aanduiding van inherente rasseverskil wees nie.

Die verskille tussen die Blankes en die nie-Blankes is nie slegs tot die liggaamsbou en liggaamsvorm beperk nie. Daar bestaan ook ander verskille. Of hierdie verskille inherent is en of dit die gevolg van omgewingsinvloed is, is nog nie afdoende bewys nie, hoewel daar reeds aanduidings bestaan dat die verskille inherent is. In die volgende punt sal hierdie saak meer aandag geniet wanneer die intelligensieverskil tussen Blankes en nie-Blankes behandel word.

C. Die verskil tussen Blankes en nie-Blankes in psigometriese toetse:

Aangaande die verskil tussen Blankes en nie-Blankes in psigometriese prestasies bestaan daar n tweespalt onder die

antropoloë. Aan die een kant is die groep wat beweer dat daar nie n inherente verskil tussen die Blankes en die nie-Blankes bestaan nie. Hulle is die aanhangers van die sogenaamde „kultuurhipotese" wat die gedagte propageer dat die verskille wat reeds deur navorsers gevind is, aan die invloed van die omgewing toegeskryf moet word. Volgens hierdie groep is die rasse gelyk wat psigometriese aanleg betref. Die groot voorstanders van hierdie rigting is Boas, Linton, Kroeber, Klineberg, en andere. Die grondlegger van hierdie rigting is eintlik Boas. Veral teen omstreeks 1920 het hy begin om hierdie gedagte sterk te propageer (127:24).

Lynreg teenoor die bogenoemde beskouing staan die idee dat rasseverskil n inherente oorsaak het, dit wil sê die verskil tussen die twee rasse onder bespreking sal altyd aanwesig wees, al sou hulle ook onder eenderse omstandighede opgroei. Die voorstanders van hierdie rigting is Putnam, Tanser, Shuey, Garrett, McGurk, Hofmeyer, en andere.

Dit is nodig dat die beskikbare bewysmateriaal vir die bogenoemde strydvraag noukeurig nagegaan en geweeg moet word; daarna kan n oordeel, op grond van empiriese gegewens, gevel word. So n oordeel moet objektief en wetenskaplik wees en derhalwe sal groot versigtigheid nodig wees. In geen geval mag die woorde of beskouinge van n wetenskaplike, sonder die nodige bewysmateriaal, aanvaar word nie.

Die grootste moderne voorstander van rassegelykheid (in die sin dat daar geen inherente psigometriese verskil bestaan nie), is die bekende sosiale antropoloog, Otto Klineberg. In sy bydrae tot n simposium van U.N.E.S.C.O. oor „The race question in modern science" het hy n besonder sterk saak vir sy beskouing opgebou in die hoofstuk wat hy geskryf het, naamlik „Race and Psychology". n Samevatting van die verskillende bydraes tot die simposium het in 1960 verskyn.

In hierdie hoofstuk, so beweer Garrett (63:15):

„Klineberg sets himself the task of showing that racial or ethnic differences, when they appear, can be attributed to environmental and cultural factors“.

Klineberg erken dat erflikheid n geringe rol in die psigometriese prestasies speel; omgewing en nie gene nie, is egter die werklike rede vir rasvorming. Deur voorbeelde uit die lewe probeer Klineberg aandui hoedat huislike omgewing, opleiding en kulturele wette die reaksies van kinders op psigiese toetse beïnvloed (63).

Ten einde die invloed van omgewing op die psigometriese prestasies aan te dui, haal Klineberg n toets aan (hy noem nie die ondersoeker nie) wat bevind het dat die gemiddelde I.K. van n groep plattelandse Negers 58 was teenoor die gemiddelde I.K. van 105 wat by stedelike Negers gevind is. Hy neem aan dat omgewing die I.K.-prestasie met soveel as 47 punte kan beïnvloed!

Garrett, die bekende sielkundige en opvoedkundige statistikus, het hierdie bewering van Klineberg ondersoek (63). Hy wys daarop dat n I.K. van onder 70 as swaksinnig beskou word, met ander woorde die plattelandse kinders wat getoets is, moes grootliks swaksinnig gewees het! Die logiese antwoord vir so n uiters swak prestasie van n bevolkingsgroep moet waarskynlik in die I.K.-toets self gesoek word: dit het bes moontlik nie by die kinders aangepas nie.

Garrett (63) beweer verder dat die hoë I.K. van 105 punte van die stedelike Negers, volgens die ondersoeker self, 10 punte te hoog is; die toets was te eenvoudig. Die gemiddelde I.K. moes eintlik 95 gewees het.

Klineberg het die verskil van 47 punte in die twee toetse onder meer aan omgewingsinvloede toegeskryf. Ondersoeke op identiese tweeling (63) wat onder heeltemaal verskillende omstandighede opgegroeï het, het aan-

getoon dat die gemiddelde I.K.-verskil slegs 8 punte was. Die maksimum verskil in die ondersoek was 24 punte. Die verskil van 47 punte tussen die gemiddelde van twee groepe van dieselfde ras soos deur Klineberg gevind, dui daarop dat die twee groepe ten opsigte van natuurlike gawes heeltemaal verskillend moes wees of dat die twee verkreë gemiddeldes foutief was. Volgens Garrett (63) was Klineberg bewus van die feit dat die gemiddelde van 105 foutief is. Hy het dus onbeskaamd n leuen verkondig! Hierdie aantyging is nie deur Klineberg ontken of weerlê nie.

Garrett het onomwonde aangetoon dat Klineberg n verre gaande stelling gemaak het deur te beweer dat omgewing die I.K.-prestasie met 47 punte kan beïnvloed.

Ten einde aan te toon dat daar geen inherente rasseverskil tussen Blankes en Negers in die V.S.A. bestaan nie, beweer Klineberg dat daar net sulke uitsonderlike intelligente kinders onder die Negers as onder die Blankes aangetref word (63). Hy haal die voorbeeld aan van n ondersoek deur Witty en Jenkins (63) wat n negejarige Negerdogter met n I.K. van 200 gevind het. Dit is absoluut geniaal.

Hierdie bewering gaan egter aan wetenskaplikheid mank. Garrett beweer dat dit feitlik onmoontlik is om n I.K. van 200 by n negejarige kind te vind. Die negejarige sou dan n verstandsouderdom van 18 jaar moes hê. So n hoë I.K. is 8.5 keer die standaardafwyking bo die gemiddelde van 100, dit wil sê so n uitsonderlike I.K. is n uiters seldsame verskynsel en dit mag wees dat daar slegs een so n kind onder die hele Amerikaanse bevolking mag wees. Drie standaardafwykings bo die gemiddelde sluit alreeds 9,983 uit elke 10,000 lede van die bevolking in.

Uit 'n statistiese en logiese oogpunt beskou, is dit wel moontlik dat 'n vyfjarige kind 'n I.K. van 200 kan hê. Dit beteken dus dat sy verstandsouderdom vyf jaar vóór sy kronologiese leeftyd is. Op negejarige leeftyd sou hierdie kind dan 'n I.K. van 155 hê. Van die 14de lewensjaar af ontwikkel die verstandsouderdom ook nie meer saam met die kronologiese leeftyd nie en is die I.K. nie meer as maatstaf vir die ontwikkelingsratio van die mens geldig nie. In die bogenoemde geval is 18 jaar nog as 'n geldige ontwikkelingsratio geneem.

Verdere ondersoek deur Garrett (63) na die betrokke geval, het openbaar dat die moeder van die kind 'n onderwyseres is en dat dit moontlik was dat die kind vooraf insae in verskillende intelligensietoetse gehad het. Die moontlikheid dat die kind vooraf reeds in die toets onderrig is, is ook nie uitgesluit nie: dit het al dikwels voorgekom.

Klineberg verswyg die feit dat hierdie kind uit 'n groep van 103 leerlinge gevind is wat 'n I.K. van 120 en hoër gehad het. Hierdie 103 Negerkinders is gevind nadat intelligensietoetse op 8,400 Negerkinders afgeneem is. Uit hierdie groot totaal was daar slegs 103 kinders met so 'n hoë I.K., dit wil sê slegs 0.81%. Uit 'n totaal van 8,000 Blanke kinders, sal, volgens herhaalde toetse, 500 tot 800 kinders 'n I.K. van 120 en hoër hê, dit wil sê 6.25% - 10%. Van die 103 Negerkinders met die hoë I.K. het 78% nog Blanke bloed in hulle are gehad.

Die ondersoek wat Klineberg bygehaal het om aan te toon dat daar nie meer uitsonderlike Blanke as nie-Blanke kinders is nie, bewys in werklikheid die teen-deel, naamlik dat 6.25% - 10% van die Blanke kinders geniaal is teenoor die 0.81% Negerkinders.

Klineberg het verder bevind dat die I.K.-prestasie van Negerkinders direk verband hou met die tydsduur wat hulle in New York woonagtig was. Dit is n besliste bewys vir die kultuurhipotese. Hierteenoor beweer Garrett dat die New Yorkse skole reeds sedert die dertiger jare baie beter toegerus was as wat die Neger-skole in die suide van die V.S.A. tans is. Die bevinding van Klineberg bewys dat die New Yorkse kinders onder gunstiger onderwysomstandighede beter kon presteer - dit geld vir alle kinders, van alle rasse onder alle omstandighede. Klineberg het egter sy bevinding ver-swyg dat die New Yorkse Negerkinders se gemiddelde ver-standsouderdom nog $1\frac{1}{2}$ jaar agter dié van Blanke kinders staan. Die weglating van gegewens wat n vooropgestelde en aanvaarde hipotese weerlê, laat ernstige bedenkinge teen die wetenskaplikheid van so n ondersoeker ontstaan.

Indien bewys kan word dat suigelinge van Blankes en nie-Blankes wat hulle ontwikkelingskwosiënt betref, ooreenkom, dan kon dit as n bewys vir die kultuurhipotese aanvaar word. McGraw (63) het in n gekontroleerde ondersoek bevind dat die ontwikkelingskwosiënt van 2 tot 11 maande oue Blanke en nie-Blanke babas met 13 punte verskil. Slegs 28% van die Neger-suigelinge kon die gemiddelde ontwikkelingskwosiënt van die Blanke-suigelinge ewenaar. Die suigelinge van albei die groepe het n normale gewigs- en lengtegroei vertoon, sodat die bewering van Klineberg dat voedingsfaktore vir die verskil verantwoordelik is, geen grond het nie.

In die „Army Alpha Tests" wat voor- en tydens die Eerste wêreldoorlog afgeneem is, is gevind dat slegs 28% van die Negerrekrute die Blanke gemiddelde kon ewenaar; die oorvleueling was dus 28%. 152 Neger uit die staat Ohio het egter gemiddeld 8 punte beter ge-

presteer as 665 plattelandse Blankes uit die staat Mississippi. Klineberg beweer dat hierdie verskil n onomwonde bewys is dat die omgewing die I.K. van die mens beduidend beïnvloed en dat die Negers wat onder beter omstandighede as die Blankes opgegroeï het, die Blankes kon oortref.

Volgens Garrett (63) berus hierdie stelling van Klineberg op n fout. Wanneer twee groot groepe dieselfde toets afgelê het, kan ons nie ad lib. twee kleiner groepe daaruit kies en vergelyk en dan n gevolgtrekking ten opsigte van die groot groepe maak nie.

In 1918 was die onderwyspeil van die Suidelike skole ver benede die peil van die Noordelike skole. Die korrelasie tussen die Alpha-toets en skoolprestasie is 0.7 en in hierdie toets het stedelinge deurgaans hoër as plattelanders gepresteer. Die skoolopleiding van sowel die Negers as die Blankes in die Suidelike state was benede die standaard van die Noordelike state, en die swakker prestasie in die Alpha-toets moet hieraan toegeskryf word - so ook die verskil tussen die Blankes uit die Suide en die Negers uit die Noorde.

n Regverdige basis van vergelyking is alleen moontlik wanneer die twee groepe naastenby dieselfde skoolopleiding ontvang het en ook naastenby dieselfde sosio-ekonomiese agtergrond het. n Vergelyking op hierdie basis toon aan dat in vier van die Noordelike state, waar integrasie al reeds lankal toegepas word en Negers dieselfde skole as die Blankes kan besoek, slegs 25% van die Negers die Blanke gemiddelde in die toets kon ewenaar.

Met die weerlegging van die interpretasie van Klineberg oor die betekenis van die Alpha-toets tuimel die hele saak van die kultuurhipotese inmekaar. Enige

objektiewe waarnemer sal erken dat daar tot nog toe geen bewyse aangevoer is om die kultuurhipotese te bevestig nie. Alhoewel daar geen bewysmateriaal vir die kultuurhipotese bestaan nie, is in die bespreking tot dusver ook nog nie onomwonde bewys dat die kultuurhipotese vals is nie.

Indien dit so is dat die kultuur of omgewing vir die lae psigometriese prestasie van die Neger verantwoordelik is, dan is dit logies dat, indien die sosio-ekonomiese en kulturele posisie van die Neger grootliks verbeter, daar 'n dienooreenkomstige verbetering in sy psigometriese prestasies moet wees. Wanneer die Neger en die Blanke presies dieselfde opvoeding ontvang en die sosio-ekonomiese standaard van die twee groepe ook eenders is, dan behoort die Neger net so goed as die Blanke in die intelligensietoetse te presteer.

Hierdie saak is deeglik ondersoek en gegewens is oor 'n lang tydperk deur middel van verskillende toetse versamel (117). Hierdie gegewens dui op 'n besliste verskil tussen Blankes en Negers. Nadat die gegewens bespreek is, behoort dit nie so moeilik te val om 'n konklusie te vorm nie.

Amerika, in besonder die V.S.A., is seker die enigste land ter wêreld waar 'n vergelyking tussen Blankes en nie-Blankes met dieselfde sosio-ekonomiese agtergrond en opvoedingspeil gedoen kan word. Hier is 'n redelike groot sametrekking van Negers. Hulle vorm ongeveer 10% van die totale bevolking. Verbastering het reeds groot afmetings aangeneem. Voor die Eerste Wêreldoorlog het die Negers nog onder haglike sosio-ekonomiese toestande geleef. Na die oorlog, maar veral sedert 1935 (117), het die posisie van die Negers heelwat verbeter. Na die Tweede Wêreldoorlog het hulle lewensomstandighede nog verder verbeter. Van 1950 af is dis-

kriminasië in die Noorde feitlik geheel en al uitgeskakel en van 1958 af is integrasie ook in die Suide van die V.S.A. ingevoer. McGurk (117) beweer dat daar seker weinig mense is wat nie sal saamstem dat die lewensomstandighede van die Neger drasties verbeter het nie.

Die „Army Alpha-toets" wat gedurende die eerste Wêreldoorlog afgeneem is, is toegepas op 'n stadium toe die lewenstandaard van die Neger nog ver benede dié van die Blanke was. Soos reeds aangetoon is, was die oorvleueling 28%, dit wil sê slegs 28% van die Negers kon die Blanke gemiddelde ewenaar. Hierdie toets kan as basis geneem word waarmee ander toetse, afgeneem op 'n stadium toe die lewenstandaard van die Neger reeds verbeter het, vergelyk kan word.

Gedurende die tydperk 1935 tot 1950 (117) het die lewensomstandighede van die Negers baie vinnig verbeter. Integrasie het op 'n groot skaal plaasgevind en skooltoestande was uiters gunstig. 'n Groot aantal psigometriese ondersoeke is gedoen, naamlik 140; dog hiervan het slegs 63 gegewens vir statistiese ontleding verskaf en al 63 hierdie ondersoeke het 'n minderwaardige I.K. by die Neger bevestig. Van die 63 ondersoeke kan die gegewens van ses met die gegewens van die „Army Alpha Test" vergelyk word.

Tanser (117 en 141) het in 1939 in 'n goed gekontroleerde ondersoek, met inagneming van die sosio-ekonomiese toestande van die Negers en die Blankes, bevind dat die Negers in geen geval in die psigometriese toetse wat deur hom gebruik is, die Blankes se prestasie kon ewenaar nie. Die sosio-ekonomiese agtergrond van die proefpersone was naastenby gelyk. Die Negeroorvleueling van die Blankes se gemiddelde was tussen 15% en 20%, na gelang van die toetse wat gebruik is.

Hierdie ondersoek bewys die teendeel van die kultuur-hipotese: in 1918 was die Negeroorvleueling van die Blanke gemiddeld 28%, in 1939, nadat die lewenspeil van die Neger aansienlik verhoog is, was die oorvleueling tussen 15% en 20%. Hierdie bevinding is deur 'n ondersoek van McGurk (117) gestaaf. Hy het bevind dat, indien die Blankes en die Negers albei uit 'n baie lae sosio-ekonomiese groep van die samelewing kom, die Negeroorvleueling oor die Blanke gemiddelde tot 41% in psigometriese toetse styg. Sodra die lewensstandaard verhoog word, word die rasseverskil ook groter en is die oorvleueling slegs 18%.

Ondersoekers ná Tanser, soos Shuey, Bruce, Osborne, Brown, Rhoads en McGurk het sy (Tanser se) bevindinge bevestig. Die bevindinge van die ondersoekers sal kortliks bespreek word.

Shuey (141) het universiteitstudente met mekaar vergelyk. Die studente het dieselfde opleiding en geleerdheid gehad en het onder dieselfde sosio-ekonomiese toestande geleef. Die Negeroorvleueling oor die Blanke gemiddelde was slegs 18%. Hierbenewens het sy ook bevind dat slegs 10 tot 20% van die Negerkinders die gemiddelde I.K.-prestasie van die Blankes kan ewenaar.

Bruce (141) het bevind dat daar 'n verskil van tussen 14 en 17 punte in die I.K.- gemiddelde van Blankes en Negers is. Albei die groepe kom uit Virginia, 'n arm, landelike deel van die V.S.A. Die oorvleueling was 15% tot 20%. Soos op p. 30 aangetoon is, beïnvloed die omgewing die I.K.-prestasie met gemiddeld agt punte.

+ Indien van 'n oorvleueling gepraat word, sal bedoel word dat dit 'n Negeroorvleueling op die Blanke gemiddelde is: die Blankes het dan die beste gepresteer.

Hierdie gegewens van Bruce is betekenisvol, alhoewel die omgewing die I.K. met 'n maksimum van 24 punte kan beïnvloed. In hierdie ondersoek het albei die groepe uit 'n arm omgewing gekom en die sosio-ekonomiese verskil was gering.

'n Onderzoek deur Osborne (141:121) het aangetoon dat die Negerkind op negejarige leeftyd twee jaar en ses maande in verstandsonderdom agter die Blanke kind staan. As ons die Blanke kinders se gemiddelde I.K. as 100 neem, dan beteken dit dat die gemiddelde I.K. van die Negerkinders ongeveer 72.2 moes gewees het. Dit is slegs 2.2 punte bokant die grens vir swaksinnigheid. Dit mag wees dat die Blankes se I.K. hoër as 100 was, waardeur die I.K. van die Negers ook sou opskuif. Hierdie bewering dat die Blankes se I.K. meer as 100 was, is slegs 'n afleiding uit die gegewens van Osborne; hyself het nie sodanige afleidings verstrek nie.

Brown (141) het 'n oorvleueling van 31% by kinders in 'n kindertuin gevind, terwyl Rhoads (141) 'n oorvleueling van 30% by driejarige Blanke en Negerkinders met dieselfde sosio-ekonomiese agtergrond gevind het. Dit stem naastenby ooreen met die bevindinge van McGraw (63) wat 'n oorvleueling van 28% by suigeling gevind het.

Soos op p. 141 aangetoon is, het 19% van die Suid-Afrikaanse Bantoes 'n breinkapasiteit van bokant 1,450 cc. wat die Blanke gemiddelde is. In al die ondersoeke op volwassenes, behalwe die „Army Alpha Test“, was die oorvleueling van die Neger oor die Blanke gemiddelde in psigometriese toetse onder 20%. Alhoewel antropoloë en sielkundiges dit eens is dat die bringroottes niks met intelligensie te doen het nie, skyn dit asof daar wel moontlik 'n verband in dié opsig mag wees. Verdere ondersoeke oor hierdie saak is noodsaaklik voordat enige uitspraak summier aanvaar kan word.

Dat daar 'n verskil in die breinstruktuur van Blankes en nie-Blankes bestaan, word deur die ondersoek van Vint (141:117), Gallais, Mundy-Castle (141) en andere bevestig. Vint het vasgestel dat die supra-granulêre laag van die brein van Kenia-naturelle dunner as by die Blankes is. Uit 'n ewolusionêre oogpunt beskou, is dit die jongste deel van die brein en het dit veral met die abstrakte intelligensie te doen. Op grond van hierdie belangwekkende bevinding kom Vint tot die gevolgtrekking dat die serebrale ontwikkeling van die nie-Blanke gelyk is aan die ontwikkeling van 'n sewe- tot agtjarige Blanke seun.

Die bogenoemde gevolgtrekking van Vint laat die vraag ontstaan of die antwoord vir die oorvleueling van 31% by jong kinders en die oorvleueling van 18% by studente nie die gevolg van die vertraagde ontwikkeling van die nie-Blanke is nie.

Eloff (141:117) beweer dat die bevinding van Vint aandui dat die dierlike instinkte by die naturel 'n sterker fisiese basis as by die Blanke het.

Gallais en andere (141:117) het vasgestel dat daar 'n verskil in die alfa-golflengte van die brein tussen Blankes en nie-Blankes bestaan. Dit staaf die gedagte dat die nie-Blanke eerder ouditêr as visueel is; die Blanke is weer visueel. Vir die opvoedkunde het hierdie bevindinge groot betekenis. Die Blanke leer doeltreffender deur die oog terwyl die nie-Blanke weer beter deur sy oor leer. Carothers (141:118) beweer dat "the African lives largely in the world of sound, in contrast to the European who lives largely in the world of sight".

In Afrika is soortgelyke ondersoeke as in die V.S.A. onderneem; die sosio-ekonomiese verskil tussen die

Blankes en nie-Blankes is hier nog baie groter as in die V.S.A. en die gegewens wat hier versamel is, kan slegs ter ondersteuning van soortgelyke gegewens in die V.S.A. dien.

Clivier (69:47) het in 1934 reeds die I.K. van Blankes en naturelle in Kenia vergelyk en gevind dat die gemiddelde I.K.-punt van die nie-Blanke 15% laer as dié van die Blanke is. Hierdie ondersoek is op kinders in die sekondêre skool uitgevoer. Die nie-Blanke oorvleueling oor die blanke gemiddeld was 14%. Hierdie bevinding kom ooreen met die gegewens van Bruce (p. 36) in die V.S.A. Olivier beweer egter self dat die gegewens van sy ondersoek nie voldoende is om 'n geldige konklusie te vorm nie. Die gegewens van Bruce is ses jaar na dié van Olivier versamel; die een ondersoek is in die V.S.A. gedoen en die ander een in Afrika. Die ooreenkoms in die bevindinge dui daarop dat die sosio-ekonomiese peil van die Amerikaanse Negers nog baie laag moes wees, óf dat die sosio-ekonomiese standaard die I.K. nie buite verhouding beïnvloed nie.

M.L. Fick (69:48) het in 1939 vasgestel dat die 13- tot 14-jarige Bantoe in Suid-Afrika gemiddeld vier tot vyf jaar in opvoedbaarheid agter die Blanke van dieselfde leeftyd staan. Osborne (p. 36) het bevind dat die negejarige Negerkind $2\frac{1}{2}$ jaar agter die Blanke kind in die V.S.A. staan wat verstandsouderdom betref. Hierdie twee ondersoeke steun mekaar, alhoewel Fick 'n baie groter verskil as Osborne vasgestel het. Biesheuvel (10:56) beweer dat die I.K. van 69 wat Fick by die Bantoe vasgestel het, deur omgewingsfaktore en die aard van die toets beïnvloed is. Indien die invloed van hierdie faktore in berekening gebring word, sal die I.K. van die Bantoes nader aan 100 kom. Hy beweer dit op grond

van die feit dat hyself (10:56) bevind het dat omgewingsfaktore die I.K.-prestasie van Bantoes met tot 30 punte beïnvloed het. Die taal is n verdere remmende faktor in die meting van die I.K. van die Bantoes. Die Bantoetaal het nie so n wye, tegniese uitdrukkingsvermoë as byvoorbeeld Engels nie.

Biesheuvel wys daarop dat dit uiters moeilik, dog nie onmoontlik nie, sal wees om vergelykbare gegewens ten opsigte van die I.K. van Bantoes en Blankes in Suid-Afrika te versamel. Hy het in n ondersoek (10:53) probeer om die verskillende faktore vir die twee rasse so na aan gelyk as moontlik te kry. Dit het meegebring dat die getoetste groepe nie n verteenwoordigende monster van die bevolking was nie. Hy kon nie van die leeftydsindeling gebruik maak nie, aangesien die nie-Blankes gemiddeld drie skoolstanderds agter die Blanke kinders van dieselfde leeftyd is. Indien skoolstanderd as basis geneem sou word, dan is die ouderdomsverskil tussen die twee groepe weer te groot. Biesheuvel het gevind dat die prestasie-variësie by die nie-Blankes baie groter as by die Blankes was; hulle was dus meer verteenwoordigend van die Bantoebevolking as wat die Blankes van die blanke-bevolking was. In twee van die vyf toetse wat afgeneem is, was daar n beduidende verskil tussen die twee rasse en die Blankes het die Bantoes oortref. In die orige drie toetse was hulle naastenby gelyk; die Blankes was nie n verteenwoordigende monster van die bevolking nie. Hulle gemiddelde I.K. was laer as die bevolkingsgemiddelde. n Gemiddelde groep Blanke kinders sal die nie-Blankes waarskynlik ook in die drie toetse oortref. Die invloed van die omgewing was in hierdie ondersoek dus nie geheel en al uitgeskakel nie.

Biesheuvel (9:20) beweer dat nog nie aanvaar kan word dat daar 'n inherente rasseverskil in intelligensie tussen Blankes en nie-Blankes bestaan nie. Vir die huidige moet aanvaar word dat die nie-Blanke ongeveer vyf jaar in verstandsouderdom agter die Blanke staan: „For immediate practical purposes, it must be admitted, however, that the effective intelligence of Africans, in terms of ability to reason, to make adjustment to the needs of Western technological society and to profit by higher education, is appreciably below the mean of European communities”.

Die nie-Blanke openbaar nie dieselfde werkywer en deursettingsvermoë as die Blanke nie. Hierdie swakheid word aan die sosio-ekonomiese agtergrond, lae lone en hitte gewyt: „When full allowance is made for these and many other circumstances affecting African drive and ambition, there remains, nevertheless, some doubt about the African's ability to maintain a high level of endeavour in his work (9:21).

Dit skyn asof bevindinge van ondersoek in die V.S.A. en Afrika betreffende rasseverskille in intelligensie, tussen Blankes en nie-Blankes grootliks ooreenstem. Op die moment van meting bestaan daar 'n duidelike en betekenisvolle verskil. Daar is geen aanduidings dat hierdie verskil deur uitwendige faktore uitgewis sal word nie. Inteendeel; hoe nader die rasse sosio-ekonomies aan mekaar beweeg, hoe groter en duideliker word die verskil (117).

Die voorgenoemde bevindinge, asook die weerlegging van Klineberg se poging om die kultuurhipotese te bewys, stel die onderstaande uitspraak van Garn (62) in 'n twyfelagtige lig: „To the confound believer in racial differences in intelligence, we can simply say that the

more nearly the two groups are matched in educational level, family background, opportunity, and security, the closer they agree in averaged I.Q. scores."

Die beskikbare gegewens onderskraag hoegenaamd nie hierdie algemene stelling van Garn nie. In die periode 1935 tot 1950 het die Neger vinnig vooruitgegaan. McGurk beweer: "Thus the 16 years between 1935 and 1950, a period of unquestioned cultural advancement for the Negro (compared with the World War I period) there can be found no factual evidence to support the claim that equalizing the cultural opportunities of the two races results in equalizing their psychological test scores or even reducing the racial test score difference" (141:123).

Die bespreekte gegewens toon aan dat die kultuurhipotese geen wetenskaplike bewysgronde het nie. Inteendeel, alle bewysmateriaal dui op 'n beduidende rasseverskil tussen Blankes en nie-Blankes wat intelligensie betref. Die objektiewe navorser kan dus nie anders as om die volgende stelling van McGurk (117:170) te onderskryf nie: "On the basis of the only studies available for this comparison, it must be concluded that the 'cultural hypothesis' must be rejected".

In sy ontleding van die gegewens betreffende die verskille tussen Blankes en nie-Blankes beweer McGurk dat **nieteenstaande** onomstootbare wetenskaplike bewyse, daar nog baie sosiaal-wetenskaplikes is wat die rasseverskil aan omgewing wyl. Hulle verkondig 'n vals hipotese, nieteenstaande hulle weet dat dit vals is. In enige wetenskap sou so 'n optrede die onmiddellike verlies van status van die wetenskaplikes meebring; in die sosiale wetenskap beteken die verwerping van die valse hipotese egter 'n verlies van status en moontlik ook nog van die betrekking wat die persoon beklee (127).

Betreffende die artikel van McGurk (117) waarna herhaaldelik verwys is, beweer McGurk self (117:175):

"This paper does not contend that the 'cultural hypothesis' is incorrect. It contends that this hypothesis possesses absolutely no factual validity. It further contends that the 'cultural hypothesis' as an explanation for Negro-white psychological test score differences is contradicted by the available objective evidence, and further, this paper contends that social science, in making no serious attempt to validate the 'culture hypothesis' is violating the basic rule of science."

Uit die bespreking betreffende die liggaamsbou en psigometriese prestasie van die Blankes en die nie-Blankes het dit geblyk dat daar n diepgaande verskil bestaan. Hierdie verskil strek egter nog veel dieper as net die uiterlike bou en vorm van die liggaam of die psigometriese prestasie. Dit betrek in werklikheid die hele wese van daardie ras: die verskil is dan ook in werklikheid n wesensverskil. Ter staving van die voorgaande stelling, sal kortliks op die bloedsamestelling van die twee rasse gelet word.

D. Ras en bloedsamestelling:

Garn (62:37 beweer: "Racial differences are known to exist in almost every area of anatomy where comparative data have been accumulated, and there is growing evidence for race differences in biochemical functioning and the constituents of cells and tissues".

n Groot aantal bloedgroepe is reeds bekend. Die bloedgroepe is oorerflik. Waar verbastering tussen rasse plaasgevind het, sal n bloedgroep wat byvoorbeeld baie raar onder n betrokke ras was, by die nakomelinge van die ouers wat die verbastering veroorsaak het, voorkom.

Hierdie nakomelinge kan deur onderlinge vermenging meer en meer na die Blankes neig of ook meer en meer na die nie-Blankes.

Garn (62:47) verstrek n indeling van bloedgroepe en die mate waartoe hierdie groepe by die twee rasse voorkom. Die bloedgroep O (van die groep A, B, O, A_1 en A_2) kom die meeste voor, naamlik by 50% van die individue in n bevolkingsgroep wat die bloedgroep besit; B kom by 15% van die Blankes en by 40% van die Negers voor; A_2 word slegs by Blankes aangetref. Van die bloedgroep MNSU (S^u) word U-negatief uitsluitlik by n klein persentasie van die Negers aangetref.

Die Rh-bloedgroep (R_1 , R_2 , R_0 , r' en r) is algemeen bekend aangesien opspraak met die ontdekking van die bloedgroep verwek is. Rh-negatief is baie seldsaam of afwesig by die nie-Blankes, maar word by ongeveer 15% van die Blankes aangetref. Die R_0 -groep word weer by 70% van die Negers gevind.

Die Duffy-groep kom by 65% van die Engelse en by 27% Amerikaanse Negers voor (F_y^a). F_y^a is baie seldsaam onder die inboorlinge van Afrika; dog F_y kom weer by 80% van die inboorlinge voor.

Van die Diego-bloedgroep kom Di^a slegs by die Amerikaanse Indiane en die Asiate voor en is heeltemaal afwesig by Negers en Blankes.

Die groep Jk^a kom by 90% Negers en by 70% Blankes voor.

Uit hierdie bespreking blyk dit dat daar wel n verskil in die voorkoms van sekere bloedgroepe by Blankes en nie-Blankes bestaan; oorvleueling kom heelwat voor. Die bloedgroep wat uitsluitlik by een ras aangetref word, is gewoonlik ook beperk tot n klein groepie binne die ras. Dit sou dus nie moontlik wees om n rasse-indeling slegs op grond van die bloedgroepe te maak nie. Ras-

suiwerheid bestaan feitlik nie meer nie.

Aangesien dit tot dusver geblyk het dat daar wel verskille tussen rasse bestaan, ontstaan die vraag of sekere rasse meer vatbaar vir sekere siekte as ander rasse is.

Wat gebeur in die gevalle van rasvermenging?

E. Rassiekte en rasvermenging:

Daar bestaan enkele siekte wat slegs by sekere rasse of by n sekere groep binne die bepaalde ras voorkom, soos byvoorbeeld „sickle cell anemie“ by Negers, die „Tay-Sacks-siekte“ by die Jode en die „Kuru-siekte“ wat slegs by n sekere groep van die inwoners van Nu-Guinea aange-tref word (63:83). Hierdie siektes word wel deur die gene oorgeplant. Die meeste ander siektes is nie oor-erflik nie, maar n mens erf die neiging daartoe oor.

Daar bestaan n verskil in die voorkoms van siektes tussen Blankes en nie-Blankes. Cornely (35) het vasge-stel dat die sterftesyfer in 1938 30% - 40% hoër onder Negers as onder Blankes in die V.S.A. was. Die siektes wat die meeste slagoffers onder die Negers geëis het, was hartkwale, tering, pneumonia, syphillis en gonorrhoea.

Tussen die 10de en die 14de lewensjaar sterf daar 8.6 Negermeisies aan tering in die V.S.A. teenoor 1 Blanke meisie. Tussen 15- tot 19-jarige seuns is die verhouding 7.1 : 1.

Parran (35:13) het bevind dat syphillis ses maal meer by die Negers as by die Blankes voorkom. In New York het 0.61% van die Blanke bevolking en 9.8% van die Neger-bevolking in n landswye ondersoek positief op syphillis-toetse gereageer. Die voorkoms van veneriese siektes by die Negers wissel in die verskillende state in die V.S.A. tussen 9% en 39%. Ennes (35:13) het vasgestel dat die geslagsiektes die meeste by die Negers tussen die ouder-domme 16 - 30 jaar voorkom.

Cornely (35) skryf die toedrag van sake ten opsigte van die voorkoms van veral geslagsiektes by die Negerbevolking aan sosio-ekonomiese faktore toe. Die gegewens ten opsigte van veral die voorkoms van die veneriese siektes, bevestig die gegewens van die lae moraliteit van die Neger. Die veneriese siekte word hoofsaaklik deur geslagsgemeenskap oorgedra. Die hoë buite egtelike geboortesyfer van die Negers (141:115) is reeds 'n aanduiding van hulle lae sedelike peil. Hierdie aanduiding word deur die voorkoms van die veneriese siektes by die ras bevestig.

Nieteenstaande die reeds genoemde verskille tussen die twee rassegroepe ten opsigte van liggaamsbou, intelligensie, bloed en siektes en soos onder die volgende punt aangedui sal word, misdadigheid en sedelikheid, is daar tog talle sosiaal-wetenskaplikes wat rasvermenging op groot skaal bepleit. Hierdeur sal alle rasseverskille en rassewrywing uit die weg geruim word. Garn (62:108) is ook so 'n voorstander van rasvermenging. Sy argumente wat hy aanvoer, verteenwoordig die argumente van die meeste persone wat rasvermenging bepleit. Hy beweer dat na analogie van die sukses wat ten opsigte van kruisings by plante behaal is, rasvermenging op die lang duur ook 'n beter mensdom kan laat ontwikkel. Met hierdie bewering het Garn egter een belangrike feit oor die hoof gesien, naamlik dat die saad vir kruisingsdoeleindes wetenskaplik geselekteer word. Sade met die beste eienskappe word gekruis - so iets sou nie ten opsigte van die mens moontlik wees nie. As dit miskien wel moontlik was, dan sou dit, na aanleiding van die bevindinge wat reeds bespreek is, baie onwaarskynlik wees dat Blankes en nie-Blankes gekruis sou moes word ten einde 'n beter ras, gemeet aan die huidige standarde, te verkry.

n Onderzoek van Fantham en Porter (59:476-485) na die geskiedenis van verbastering en die gesteldheid van die nakomelinge van so n verbastering tussen Blankes en nie-Blankes, weerlê die bewering van Garn. Hulle het bevind dat verbastering n hele paar nadele inhou: „Another fact that has often been noticed is the bad state of health and poor physique of the offspring of many of the racial admixtures in South Africa.” (59:484). Die nakomelinge van so n verbastering het veral met long-siektes te kampe gehad - trouens talle van die nakomelinge is hieraan oorlede. Verder is veral opvallend die fisiese disharmonie by die nakomelinge van verbastering, soos byvoorbeeld groot Naturelle-tande in n klein Europese mond, groot mans met klein inwendige organe, ensovoorts. Hand-aan-hand met die liggaamlike disharmonie gaan ook afwykings soos onbeheersde woede-uitbarstings, ydelheid en seksuele onstabiliteit. Die „wit” kinders sien op die donkerkleurige moeder, broers en susters, neer.

In verband met die uitwerking van grootskaalse verbastering soos dit in Peru aangetref word, beweer Schultz (59:485) dat „The result is incredible rottenness.”

Hofmeyr (141:127) beweer: „Gelykstelling van die twee rasse wis die inherente verskille nie uit nie, in-teendeel, dit beklemtoon dit net meer.” Dit wil nie sê dat daar nie onderlinge respek en samewerking tussen rassegroepe moet wees nie; dog verbastering moet sover as moontlik vermy word: „Mutual respect between races does not necessarily imply social equality, and this consideration should be sufficient to prevent inter-marriage, which must result in the upset of good traditions and social inheritance, and frequently produces physical, mental and moral ill.” (59:485).

Met die bespreking is die verskille tussen die rasse nog geensins volledig behandel nie. Die bespreking tot dusver het slegs gedien om 'n aanduiding te gee van wat moontlik in 'n omvangryke vergelyking verwag kan word. Vervolgens sal ook op die verskil in misdadigheid en sedelikheid tussen die twee rasse onder bespreking, gelet word. Die voorkoms van sekere siektes hang nou saam met die sedelike peil van 'n groep. Misdadigheid openbaar in 'n groot mate persoonlikheidstrekke van 'n groep.

F. Rasseverskil in misdadigheid:

Die verantwoordelikebesef van die individu teenoor die staat en die maatskappy kan moeilik bepaal word. Oortreding van die lands- en sedewette is egter een vorm waardeur die individu openbaar dat hy mank gaan aan die nodige verantwoordelikebesef. Dit sou egter foutief wees om te beweer dat wetsoortreding as 'n norm vir verantwoordelikeheid kan geld. Wetsoortreding word deur verskeie faktore, waarop nie hier ingegaan sal word nie, beïnvloed.

Uit die bespreking van die vorige twee punte het dit geblyk dat daar 'n rasseverskil tussen Blankes en nie-Blankes bestaan wat intelligensie en liggaamsbou betref. Die volgende belangrike saak is om vas te stel of daar ook enige verskil in aanpassing by die maatskappy, soos geopenbaar deur wetsgehoorsaamheid en wetsoortreding, tussen die twee rasse bestaan.

Gegewens verstrek deur die „U.S. Bureau of Census" (141) toon aan dat, hoewel die Negers slegs 10% van die totale bevolking van die V.S.A. vorm, hulle vir 30% van die totale aantal misdade verantwoordelik is. In 1950 was die Negers verantwoordelik vir 53% van die moorde,

56% van die gevalle van manslag, 54% van die ernstige aanrandings en 53% van die rooftogte. Dit blyk dat die klein gedeelte van die bevolking in die V.S.A. vir 'n baie groot aantal van die ernstige misdade verantwoordelik gehou word. Die Negers was voor 1918 baie arm en het onder haglike sosiale omstandighede geleef. 'n Hoë misdaadsyfer gedurende daardie tyd sou dus wel aan omgewingsinvloede toegeskryf kon word. Teen 1950 het hulle lewensomstandighede egter sodanig verbeter dat hierdie hoë misdaadsyfer nie alleen aan die omgewingsinvloede gewyt kan word nie (117:125).

Hofmeyr (141:125) beweer: „Selfs op die misdaadfront verskil die twee rasse insake die soort misdaad wat begaan word, Negers was byvoorbeeld minder betrokke by misdade wat in hoë mate beplanning vereis, soos bedrog en vervalsing.”

Volgens Weyl (141:125) is die aantal gewelddadige misdade deur Negers 'n uitvloeisel van hulle emosionele onstabiliteit en onontwikkelde granulêre laag van die breinskors. Die lae aantal selfmoordgevalle onder die nie-Blankes dui op 'n gebrekkige skuldgevoel. Die nie-Blankes, veral die stamvaste nie-Blanke van Afrika, pleeg selfmoord ter wille van wraak.

Wat die stedelike Bantoe in Suid-Afrika betref, beweer De Ridder (50:158) : „The urban dweller is an extreme character, one who easily explodes emotionally. His latent aggression changes with amazing rapidity to uncontrolled violence. His ego controls are weak, his id pressures powerful.”

'n Gebrek aan erkentlikheid is, volgens Hofmeyr, een van die uitstaande kenmerke van die nie-Blanke(141:125).

Die aantal moorde in 'n bepaalde gebied of stad staan in 'n nou verband met die aantal nie-Blanke inwoners van

die betrokke gebied. Carothers (141:125) het aangedui dat daar in 1955 soveel as 875 moorde aan die Witwatersrand met 'n bevolkingstal van 1.7 miljoen gepleeg is. In New York, met 'n inwonertal van 8 miljoen, is gedurende dieselfde periode 315 moorde gepleeg, terwyl in London slegs 30 moorde gedurende daardie periode gepleeg is.

Dat die sosio-ekonomiese agtergrond van die Neger nie alleen vir die groot aantal misdade deur die ras gepleeg, verantwoordelik gehou kan word nie, word bewys deur die persentasie misdade wat deur Negers in geïntegreerde skole gepleeg word. In New York vorm die Negers 18% en Kleurlinge uit Puerto Rico ongeveer 10% van die skoolgaande bevolking. Hierdie 28% was vir meer as 70% van die ernstige misdade soos aanranding, roof en verkragting, verantwoordelik. Die misdaadsyfer vir Negers is 10 keer en die vir Kleurlinge 7 keer hoër as die syfer vir Blankes (141:126).

Ten opsigte van die aard van misdade wat deur die Suid-Afrikaanse stedelike bantoe gepleeg word, beweer De Ridder (50:158): „Urban African crime is characterized by its violent aggression and primitive bestiality. Robberies are almost invariably robberies with violence. The urban African criminal cannot moderate his aggression; if he attacks, he attacks violently.”

Die volgende gegewens dui daarop dat die Amerikaanse Neger ook dieselfde neiging as die stedelike Bantoe in Suid-Afrika openbaar. Die misdaadverhoudings tussen Negers en Blankes in die V.S.A. in 1954 (63) was soos volg: Moord 16 : 1, Roof 13 : 1, Verkragting 6 : 1.

Die enkele gegewens wat in die voorgaande bespreking verstrek is, hoort reeds 'n aanduiding te wees dat die nie-Blankes baie meer misdade as die Blankes pleeg. Wat

die aard en vorm van die misdade betref, is daar wel 'n ooreenkoms tussen Suid-Afrika en die V.S.A. se nie-Blankes.

Klineberg (63:22) beweer dat „geen rassefaktor gevind is wat verantwoordelik is” vir die hoë misdaadsyfer van die Negers nie. Hy wyt hulle hoë misdaadsyfer slegs aan die invloed van die omgewing - 'n faktor waarvan die belangrikheid ook deur geen mens misken kan word nie. Dat die omgewing egter nie alleen daartoe bydra nie, blyk uit die uitspraak van Garrett (117:125): „.... it is hard to see how such influence can excuse the literally scandalous crime rate of the Negro in the United States.” Ander immigrantrasse soos Sjinese, wat ook in agterbuurtes woon en waarteen ook gediskrimineer word, se misdaadsyfer is baie laer as dié van die Negers en selfs laer as dié van die nasionale gemiddelde.

Wat die sedelike peil van die nie-Blanke betref, kan ons slegs ons oordeel op statistiese gegewens grond. Volgens gegewens van die „North Carolina Board of Welfare” (141:115) is die buite-egtelike geboortesyfer by die Negers twintig maal hoër as by die Blankes! Ontwrigte huisgesinne kom twee keer meer by die Negers as by die Blankes voor. Die verhouding van nie-Blankes en Blankes ten opsigte van prostitusie is 16 : 1.

In die stedelike gebiede van Suid-Afrika is die toestand nog veel erger as in die V.S.A. „Figures obtained from the Medical Officer of Health for the Johannesburg area reveal the subsequent moral degeneration. The recorded illegitimacy rate for the year ending 1958 was 38.92 per cent. These figures recorded neither private abortions nor hidden births” (50:159).

Dit is geen rariteit om selfs by die verstedelike ongetroude Bantoevroue een of meer kinders aan te tref nie.

Hierdie beknopte bespreking dui aan dat daar op die huidige moment, onder die huidige lewensomstandighede, n verskil tussen die Blankes en die nie-Blankes ten opsigte van sedelikheid en misdadigheid bestaan.

G. Samevatting:

Die bespreking tot hiertoe het aangetoon dat daar diepgaande verskille tussen Blankes en nie-Blankes bestaan. Dit het verder duidelik geblyk dat daar eintlik twee groepe wetenskaplikes in hierdie verband uitgeken word. Aan die een kant is daar die aanhangers van die kultuurhipotese wat daarop neerkom dat die omgewing vir die rasseverskille verantwoordelik is en aan die ander kant is daar die tweede groep wat beweer dat die rasseverskille inherent en oorerflik is.

Die probleem betreffende die rasseverskille het ongelukkig n speelbal op die terrein van die wêreldpolitiek geword en derhalwe word dikwels van die streng wetenskaplike weg afgewyk (11).

Op grond van die bestudering van die beskikbare empiriese gegewens kan die volgende stelling van Putnam (127:36) onderskryf word: „There is no basis in social science for the assumption, promoted by various minority groups in recent decades, that all races are biologically equal in their capacity to advance, or even to sustain, what is commonly called Western civilization. They most emphatically are not.”

Garn (62:36) se uitspraak, naamlik: „To say that 'race is only skin deep', a statement notably but inaccurately repeated in many textbooks, is patently naïve in the extreme" sluit by die bewering van Putnam aan.

Daar bestaan tot dusver geen bewyse dat die kultuurhipotese, soos deur die voorstanders van rassegelykheid

verkondig word, die waarheid is nie; die teendeel is wel bewys.

Betreffende die vernaamste rasseverskille soos deur sielkundiges en antropoloë vasgestel, bestaan daar op hierdie stadium duidelikheid. Die verskille is diepgaande en inherent. In die uiteensettinge tot sover en die ondersoeke wat bespreek is, is nie aangedui of daar enige verskil in die motoriese prestasies van die Blankes en die nie-Blankes bestaan nie. Hierdie saak sal onder die volgende twee hoofstukke bespreek word. Daar sal allereers op ondersoeke in die V.S.A., in die verband en daarna op soortgelyke ondersoeke in Suid-Afrika gelet word.